

Inleiding

Mens kry so half die gevoel dat die uitbreiding van die Christelike kerk tot stilstand gekom het nadat Filippus uit Samaria weg is en sy reis tot by Cesaréa afgehandel is.

Vroeër het ons gelees van groot getalle mense wat tot bekering kom. Dink maar aan die volgende gedeeltes in die boek Handelinge:

. . . terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is. (Handelinge 2:47 AFR53)

En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof. (Handelinge 6:7 AFR53)

In Jerusalem het die Christene weggekruip, want hulle is vervolgt. Ten opsigte van die uitbreiding van die kerk is dit asof daar so 'n vreemde stilte gehang het.

Die skrywer Lukas het 'n baie merkwaardige skryfstyl gehad wat goed deur die Heilige Gees uitgebuit is: hy kon dinge met skerp kontraste beskryf. Dit is presies wat hier gebeur.

- Sopas is daar 'n man uit Afrika bekeer terwyl hy op 'n eensame reis was.
 - Daarna is Filippus weggeneem na Gasa toe. Hiervandaan het hy van dorpie tot dorpie gereis en die Evangelie verkondig tot hy hom in Cesaréa gevestig het.
 - Die gebeure word stil-stil beskryf: Daar word van geen bekerings of gemeentestigtings vertel nie.
 - Dis asof alles stil raak.
- *Nou meteens is daar 'n nuwe hoogtepunt!*
 - *'n Baie bekende en woeste Fariseër wat uiters wreed en ongeskik is teenoor die Christene, kom tot bekering!*

Let op na die verskil tussen die twee bekerings:

- Die Etiopiër kom vriendelik en met vrede om hom tot bekering.
- Saulus word letterlik deur die Here met geweld gearresteer!

Dit is asof die magte van die hel die man beheer het – totdat God hom met geweld uit die satan se hand uitgeruk het en verander het in 'n instrument van die Here Jesus Christus.

Vers 1

Maar Saulus, wat nog dreiging en moord geblaas het teen die dissipels van die Here, het na die hoëpriester gegaan (Handelinge 9:1 AFR53)

Uit die vers is dit duidelik dat Saulus 'n kragtige aanvoerder van die donker koninkryk was. Die feite word sonder emosie gestel:

- Paulus blaas dreiging en moord.
- Hy blaas hierdie haat van hom teen die dissipels.
 - Dissipels is nie dieselfde as apostels nie!
 - Dissipels is al die Christene wat die Here Jesus bely en volg!
 - *Dissipel* beteken doodgewoon **leerling**.

Dit is nou die derde keer dat die Heilige Gees na Saulus verwys.

- Die eerste keer was toe Stefanus gestenig is. Tydens die geleentheid was hy 'n passiewe deelnemer van die teregstelling – hy het die klere opgepas. (Handelinge 7:58)

- Die tweede keer lees ons dat hy die gemeente in Jerusalem aktief vervolg – so erg dat die lidmate vlug, onder andere Filippus! (Handelinge 8:1-4)
- Die derde keer dat ons van Saulus lees, is dit hierdie keer – Handelinge 9. Hy word voorgestel as iemand wat die beeld van die satan vertoon: **wat nog dreiging en moord geblaas het teen die dissipels van die Here.**

Saulus kry 'n lasbrief by die hoëpriester – dus inderdaad by die Sanhedrin om die Christene in Damaskus te gaan vervolg.

- Die bevel van die hoëpriester het ook die instemming van die raad van ouderlinge ingesluit. (Handelinge 22:5)

soos ook die hoëpriester en die hele raad van ouderlinge my getuies is. Van hulle het ek ook briewe ontvang en na die broeders in Damaskus gegaan om ook die wat daar was, geboeid na Jerusalem te bring, sodat hulle gestraf kon word. (Handelinge 22:5 AFR53)

- Saulus maak daarmee die moord en vervolging op die Christene amptelik.
- Daarom word hy ook van 'n lyfwag voorsien wat hom moet help om die Christene te vang en uit te roei.

Is dit reg om Saulus nou net sommer te veroordeel oor sy optrede?

- 'n Mens moet baie versigtig wees om nie net soos hy te word en ook dreiging en moord te blaas (teen hom) nie.
- Dit is verkeerd om die duiwel te beveg met die styl van die duiwel.

Dit is juis omdat Saulus hierdie besondere geaardheid gehad het, dat die Here hom uitverkies het om in sy koninkryk te gaan werk!

Onthou die volgende: Saulus was 'n suiwer Fariseër.

- Hy was nie soos sommige van sy kollegas geveinsd en vals nie.
 - Hy het sy oortuiging uitgeleef en die konsekwensies daarvan gedra.
- Hy was in sy hart en verstand oortuig dat die mense wat Jesus gevolg het, 'n sekte was wat teen Moses en teen God gelaster het.
 - Volgens die siening van die Fariseërs het sulke mense die hel verdien.
 - Hulle het geen rede gesien om op enige manier versagtend teen iemand op te tree wat God laster nie.
 - Daarom het Saulus vol-uit gedoen wat hy geglo het reg was, naamlik om die eer van God te verdedig!

Dit word later duidelik uit Paulus se onvermoeide ywer waarmee hy sendingwerk gedoen het vir die Here, dat hy al sy kragte en vermoëns gegee het vir enige saak waarvan hy oortuig was.

Vers 2

en van hom briewe gevra aan die sinagoges in Damaskus, sodat as hy mense sou vind wat van die Weg was, manne sowel as vroue, hy hulle geboeid na Jerusalem kon bring. (Handelinge 9:2 AFR53)

Wat weet ons van Damaskus?

- Damaskus was vroeër die hoofstad van die Arameërs.
- Dit was 'n heidense handelstad.
- Dit is bekend dat daar baie Jode na Damaskus gegaan het en hulle daar gevestig het.
- Verder is dit ook bekend dat baie van die heidene deur proselitering die Joodse geloof aangeneem het.
- Josefus was 'n geskiedskrywer in die vroeë tye. Hy skryf dat daar in die jaar 66 n.C. tienduisende Jode vermoor is uit vrees dat die Jode die plek se regering sou oorneem – so baie Jode was daar toe al.
- **NB:** Lukas gebruik sinagoges in die meervoudsvorm. Daar was dus talle Joodse godsdienstsentrums in

Damaskus.

Intussen het die Christelike leer ook in Damaskus posgevat. Dit kon van twee kante af gebeur het:

- Met Pinkster was daar van al die destyds bekende volke by die uitstorting van die Heilige Gees en die stigting van die eerste Christelike kerk teenwoordig. (Handelinge 2)
- Daarby moet ons onthou dat Christene hulle ook daar kon gaan vestig het na die Christenvervolging in Jerusalem uitgebreek het. (Handelinge 8:1)

Het die Christene in Damaskus 'n kerk/kerke gevorm? Ons weet nie. Ons weet net dat daar inderdaad soveel Christene was dat dit toestemming van die Sanhedrin geregtig het om 'n lasbrief vir vervolging uit te reik.

- Ons moet natuurlik onthou dat die Christene vir die Jodedom oornag 'n gevaar geword het, want hulle het die Jode kragtig geëvangelizeer.
- Talle Jode het tot bekering gekom en Christene geword.
- Die Jode kon nie toelaat dat hierdie bedreiging onder hulle voortbestaan nie.
- Daarom het hulle die Christene selfs buite hulle land gaan uitroei.

Die feit dat Saulus van Jerusalem af gegaan het met 'n lasbrief, beteken dat Jerusalem (die geloofshoofstad) Damaskus opgeroep het om op te staan in die vernietiging van die Christene.

Vraag

Was die sinagoges in Damaskus dalk verdraagsaam teenoor die Christene? Of dalk net verdraagsamer as Jerusalem?

Ons weet nie.

- Ons weet net dat Saulus se lasbrief 'n amptelike bevel was dat die sinagoges van Damaskus die Christene moes vervolg.
- Paulus vertel later vir Agrippa dat hy met las en volmag van die owerpriesters na Damaskus gereis het.
 - Dit beteken dat hy bekendstellingsbriewe gehad het om hom aan die sinagoges in Damaskus voor te stel,
 - maar dit beteken ook dat hy amptelik opdrag gehad het van hulle om die Christene te gaan vervolg.

Toe ek dan daarvoor na Damaskus op reis was, met volmag en opdrag van die owerpriesters, (Handelinge 26:12 AFR53)

- Ons weet verder dat hy die Christene na Jerusalem toe moes neem om verhoor te word.
 - Want Jerusalem is nie bang vir bloed nie – dink aan die teregstelling van Stefanus.
 - Jerusalem het nie amptelike jurisdiksie gehad om Christene in Damaskus te verhoor en tereg te stel nie.

Vers 3

En toe hy op sy reis naby Damaskus kom, omstraal hom skielik 'n lig van die hemel af; (Handelinge 9:3 AFR53)

Op watter pad het Saulus gereis na Damaskus toe? Dit maak nie saak watter pad hy gevat het nie. *Die reistyd op al die paaie was ongeveer vyf dae.*

- Daar was twee paaie van Jerusalem af na Damaskus toe.
 - Die een het deur Samaria oor Gadara geloop.
 - Die ander pad het oor Jerigo en dan deur die gebied anderkant die Jordaanrivier geloop.
- Al twee die paaie het 'n ent van Damaskus af by 'n karavaanroete aangesluit.

- Die karavaanroete was dan die laaste ent die hoofpad na Damaskus toe.

Dit was op die karavaanroete (naby Damaskus!) waar die groot gebeurtenis plaasgevind het.

Waarskynlik was daar verskillende kragte aan die werk. Daar was kragte in Saulus aan die werk – waaraan later in die Bybelstudie aandag gegee word. Maar daar was ook uiterlike/sigbare kragte van Bo af aan die werk.

Die eerste een wat fisies geopenbaar word, is 'n teken vir die oog.

- 'n Lig skyn uit die hemel uit op hom. (Letterlik staan daar: weerlig rondom hom.)
 - Die lig is bonatuurlik.
 - Dit was nie weerlig van 'n swaar weer of so iets nie.
- Later het Paulus dit probeer beskryf. Toe het hy gesê dat die glans van die lig erger was as die krag van sonlig.

. . . het ek, o koning, in die middel van die dag op die pad 'n lig uit die hemel gesien, sterker as die glans van die son, wat my en my reisgenote omstraal het. (Handelinge 26:13 AFR53)

- Dit was dus 'n ligstraal uit die heiligdom van God.

Die gebeurtenis was vinnig en onverwags. Saulus het byvoorbeeld nie enige kans om sy gesig in sy kopdoek toe te draai om sy oë te beskerm nie.

Later blyk dit dat die geweldige lig wat op Paulus geskyn het, iets van die lig van die oordeel bevat – iets van die verderende vuur van die Here. Daarom het hy doodgewoon inmeekaargesak.

Vers 4

. . . en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? (Handelinge 9:4 AFR53)

Die tweede teken wat geopenbaar is, was iets vir die oor.

Die *stemopenbaring* van die Here is inderdaad 'n intensivering van die Here se *ligopenbaring*.

Let weer op na die kontrasterende dinge wat gebeur wanneer die Here Homself openbaar. Die openbaring van die Here aan Stefanus is heeltemal anders as die een aan Saulus.

Luister hoe het Stefanus die Here Jesus Christus se heerlijkheid gesien:

Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. (Handelinge 7:55 AFR1953)

- Stefanus was nie deur die gesig van die heerlijkheid van die Here Jesus verblind nie.
 - Die man wat die stenigers se klere opgepas het, het ook nie die openbaring van die heerlijkheid van die Here Jesus gesien nie – hy en sy span wou dit ook nie sien nie. Hulle het dit juis beveg.

Nou verskyn die Here Jesus direk aan Saulus.

- Hy is in 'n sterker posisie as destyds, want hy is nie passief by 'n moord betrokke nie.
- Hy is aktief met 'n hele afdeling op pad om gelowiges wat die Here Jesus as God en Verlosser bely, te vervolg en kwaad aan te doen.

Dis mos eintlik 'n lewensreël dat die dapperste dwaas die bangste en grootste smeker word wanneer hy met die waarheid gekonfronteer word.

So gebeur dit ook hier!

Die magtige God spreek Saulus in sy moedertaal aan en roep hom tot verantwoording:

Saul, Saul, waarom vervolg jy My?

Paulus vertel self dat die Here met hom Hebreeus gepraat het!

En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem met my spreek en in die Hebreeuse taal sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop. (Handelinge 26:14 AFR1953)

(Dit laat ons onwillikeurig dink aan koning Saul – wat net soos Paulus 'n Benjaminit was - wat hom ook teen God verset het.)

Daar is 'n verskil tussen die roeping van Saulus en die van die ander Apostels. Vir hulle is net elke keer gesê: Volg My!

En toe Jesus daarvandaan verder gaan, sien Hy 'n man met die naam van Matthéüs by die tolhuis sit; en Hy sê vir hom: Volg My. En hy het opgestaan en Hom gevolg. (Matteus 9:9 AFR1953)

En toe Hy verbygaan, sien Hy Levi, die seun van Alféüs, by die tolhuis sit en sê vir hom: Volg My. En hy het opgestaan en Hom gevolg. (Markus 2:14 AFR1953)

Met die roeping van Saulus word hy eers deur God tot verantwoording geroep:

Saul, Saul, waarom vervolg jy My?

Ons kan ons voorstel dat Saulus die toorn van die Here in sy stem gehoor het. Die lig wat oor hom geskyn het, was al 'n teken van die oordeel van die Here!

Tog roep en bekeer die Here Saulus nie om hom te vernietig nie. Die Here roep hom omdat Hy hom liefhet. Paulus getuig dit baie jare later in sy brief aan die kerke wat in die provinsie Galasië was.

Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. (Galasiërs 2:20 AFR1953)

Paulus se bekering op pad na Damaskus toe is die die openbaring van die vrugte van die versoening wat die Here Jesus aan die kruis bewerk het.

Daarom is die bedoeling van die Here Jesus se vraag aan Saulus dat dit hom tot besinning moes bring! Dus: Gee rekenskap!

Vers 5

En hy sê: Wie is U, Here? En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop. (Handelinge 9:5 AFR1953)

Die ontdekkingsvraag het sy doel getref!

Saulus het homself nie as 'n **vervolger** gesien nie! Hy het geglo hy is 'n **verdediger** - hy verdedig die Here se Naam en eer! Nou noem die Here hom 'n **vervolger**.

Die feit dat Saulus met 'n terugvraag antwoord, getuig daarvan dat hy reeds (hoe lank?) aan die worstel was met Wie die Here Jesus regtig is. Hy weet baie goed dat die stem uit die hemel van die Here self af kom.

Wie is U, Here?

As hy nie al reeds 'n ent weg was met sy innerlike bekering nie, sou hy iets anders gevra het. iets soos:

Waarom vervolg U my, want ek is besig om die eer van die wet en van Moses en van God te beskerm?

NB Daar is 'n groot verskil tussen Saulus en Judas! Saulus bely. Judas het eerder gesterf as om te gaan bely.

- Saulus se vraag is al 'n belydenis, want die vraag is direk gerig aan die Here.
- Hy het dus baie goed geweet dat die stem nie van 'n hemelse skepsel af kom nie, maar van die ewige God self af.

Saulus het ook geweet dat hy luister na die stem van die Here Jesus self, omdat hy bewustelik besig was om Jesus

te vervolg. Hy bely dit teenoor Agrippa.

Wat my betref, ek het gemeen dat ek baie vyandige dinge teen die Naam van Jesus die Nasaréner moes doen. (Handelinge 26:9 AFR1953)

Die **Naam van Jesus** is in hierdie geval die verpersoonliking van die Here Jesus self.

Daarom praat die Here Jesus self met hom.

Ek is Jesus wat jy vervolg

Daardie oomblik het Saulus se hele lewe in duie gestort.

- Meteens het hy besef dat sy lewe, sy toekoms en sy geloof op 'n vergissing gebou was.
- Hy het nog nooit agtergekom waarom dit vir die Here self regtig gaan nie!

Vraag: Is so 'n verdwaalde oortuiging 'n misdaad teen God of nie?

Paulus self noem hierdie geloof en oortuiging wat hy as Fariseër gehad het met 'n baie lelike woord: Drek (sjoe!!).

Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry (Filippense 3:8 AFR1953)

So kan 'n mens meen dat jy God dien - terwyl jy die hele tyd 'n slaaf van die Satan is.

- Ons moet ons oë oopmaak en sorg dat ons die nodige kennis uit God se openbaring kry dat ons nie verdwaal in die leuen, terwyl ons meen dat ons vasstaan in die waarheid nie.
- Paulus het presies dit oorgekom.

Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.

Die Fariseër Saulus het Jesus die Nasaréner verag.

- Die Naam Nasaret wat Paulus byvoeg in sy gesprek met Agrippa, was juis om daarmee aan te toon dat die man so veragtelik was soos die ou plekkie waar Hy vandaan gekom het.
- Nou moet Saulus hoor dat die veragte Jesus nie dood en uitgeroei is of kan word nie. Hy is die almagtige God wat hom uit die hemel tot verantwoording roep.

Dit is vir Saulus hard en hy skop teen prikkels wat hom seermaak!

- Dit is nie net vir Saulus hard om te weet dat die veragte Jesus lewe en ook God is nie.
- Dit is ook vir hom hard om te hoor dat hy 'n vervolger is. Vervolg is in hierdie geval die teenoorgestelde van volg.

(NB Die woorde: Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop. En terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek doen? kom in van die sterkste en beste handskrifte nie voor nie. Daarom is daar Bybelvertalings wat hierdie woorde uitlaat.)

Die "hardste" oomblik vir Saulus was ongetwyfeld dat hy moes erken dat hy al die tyd verkeerd was.

- Dat hy ook sy hart en verstand letterlik moes omkeer om van volslae ongeloof in Jesus as God en Here te kom tot volkome geloof dat Jesus die Here is.
- Meer nog - dat hy Hom bely en aanbid as sy persoonlike Verlosser.

Vers 6

En terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek doen? En die Here antwoord hom: Staan op en gaan na die stad, en dit sal jou gesê word wat jy moet doen. (Handelinge 9:6 AFR1953)

Die skok wat bekering in 'n mens bewerk laat die nuwe bekeerling altyd vra na die regte pad vorente.

Dit kom dan uit in die vraag: Wat moet ek/ons doen?

En toe Hy op die pad uitgaan, hardloop daar een na Hom toe en val voor Hom op die knieë en vra Hom: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe? (Markus 10:17 AFR1953)

En daar het 'n sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe? (Lukas 10:25 AFR1953)

En 'n sekere owerste vra Hom en sê: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe? (Lukas 18:18 AFR1953)

En hy het hulle na buite gebring en gesê: Menere, wat moet ek doen om gered te word? (Handelinge 16:30 AFR1953)

En ek het gesê: Wat moet ek doen, Here? En die Here het vir my gesê: Staan op en gaan na Damaskus, en daar sal jou vertel word alles wat aan jou opgedra is om te doen. (Handelinge 22:10 AFR1953)

En tollenaars het ook gekom om gedoop te word, en vir hom gesê: Meester, wat moet ons doen? (Lukas 3:12 AFR1953)

En die soldate het hom ook gevra en gesê: En ons, wat moet ons doen? En hy sê vir hulle: Julle moet niemand geweld aandoen of iets afpers nie; en wees tevrede met julle soldy. (Lukas 3:14 AFR1953)

Toe vra hulle Hom: Wat moet ons doen om die werke van God te volbring? (Johannes 6:28 AFR1953)

Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? (Handelinge 2:37 AFR1953)

Waarom het dit so baie gebeur?

- Omdat God die Heilige Gees 'n mens wat tot bekering kom, los maak van sy verwaandheid en verkeerde selfvertroue.
- Wanneer sulke mense hulleself eers ontdek aan hulle sondes, dan vra hulle leiding by God self om 'n nuwe lewe te kan lewe.

Vers 7

En die manne wat saam met hom op pad was, het sprakeloos gestaan terwyl hulle wel die stem hoor, maar niemand sien nie. (Handelinge 9:7 AFR1953)

Hoe kan 'n blinde en verwarde man meteens na die plek toe loop waar die Here hom heen stuur? Hy kan dan nie sien nie!

- Die mense wat saam met hom reis, moet hom help om daar te kom.
- Daarom vermeld die Bybel ook iets van hulle.

In Handelinge 22:9 vertel Paulus self wat daar op pad na Damaskus toe gebeur het. Dit wat hy daar sê, is presies die teenoorgestelde as wat Lukas hier in Handelinge 9:7 skryf:

En die wat saam met my was, het wel die lig gesien en bang geword, maar die stem van Hom wat met my gespreek het, nie gehoor nie.
(Handelinge 22:9 AFR1953)

Kyk mooi na die verskil:

Lukas sê hulle het **niemand** gesien nie.

Paulus sê hulle het wel die **lig** gesien – maar hulle het **nie die stem gehoor van Hom wat met Paulus gepraat het nie**.

Dit is 'n idiomatiese manier van sê wat beteken dat hulle die stem nie kon eien nie.

- Paulus het die Here Jesus gesien en gehoor – hy het dus gesien en geweet wie praat.

- Hulle sien die lig, maar hulle kon die Persoon wat praat nie sien nie.
- Die Here het dus nie toegelaat dat hulle in die volle openbaring van die oomblik deel nie. Dit was net vir Paulus beskore.

Die reisgenote het dus die verskynsel waargeneem.

- Maar die **Draer van die Lig** en sy **stem** was vir hulle ontoeganklik.
- Daarom het hulle bang geword.

Ongelowige of vleeslike mense verstaan nooit die besondere openbaring van die Here nie. Vergelyk hiervoor Johannes 12:28,29:

Vader, verheerlik u Naam! Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom: Ek hét dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik. En die skare wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag gewees het. Ander het gesê: 'n Engel het met Hom gespreek. (Johannes 12:28-29 AFR1953)

In die domheid en verwarring (*Wielenga noem dit onnosselheid!*) wat oor die wagte gekom het, lê juis die bewys dat die Damaskusgebeure werklik 'n hemelse openbaring was. Vergelyk Handeling 26:19:

Daarom, koning Agríppa, was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie,
(Handeling 26:19 AFR1953)

Maar by hulle vrees was hulle tog bereid om Paulus te gaan aflewer waar die Here hom bestel het.

Vrae

Wat word van die manne (soldate en wagte) wat Paulus vergesel het?

Wat het die reisgenote gemaak met hulle sending om Christene te gaan vang?

Ons weet nie. Die Bybel swyg daaroor!

Vers 8

Toe staan Saulus van die grond af op, en alhoewel sy oë oop was, het hy niemand gesien nie; en hulle het hom aan die hand gelei en in Damaskus ingebring. (Handeling 9:8 AFR1953)

Toe staan Saulus van die grond af op!

Dit was 'n letterlike opstanding!

- Soos wat Paulus van die grond af opgestaan het, het hy uit die dood van sy sondeverlorenheid af opgestaan in 'n lewe in God se genade in.
- Maar dit was ook 'n opstanding uit ongehoorsaamheid uit in gehoorsaamheid aan God in!

Saulus was ernstig met sy vraag: Here wat wil U hê moet ek doen?

- Hy het niks teëgepraat nie.
- Hy het ook nie gevra dat die Here meer aan hom moet verduidelik nie.
- Sy totale ingesteldheid was om algeheel gehoorsaam en onderworpe aan die Here te wees.

Daarom, koning Agríppa, was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie, (Handeling 26:19 AFR1953)

... en alhoewel sy oë oop was, het hy niemand gesien nie;

Toe Paulus sy oë oopmaak, kom hy agter dat hy nie kan sien nie.

- Die Here het sy oë toegemaak.
- Die Here het iets soos skille of viese daaroor laat kom.

En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop. (Handelinge 9:18 AFR1953)

... en hulle het hom aan die hand gelei en in Damaskus ingebring.

Daar staan die dapper vervolger meteens ontredder en magteloos!

- Hy het die volgelinge van die Here Jesus met toue vasgemaak en geneem waar hy hulle wou hê.
- Nou is hy deur die Here Jesus magteloos gemaak en moet hy sy hande uitsteek sodat ander hom kan lei.

Vraag

Sinspeel Psalm 68:19 ook op so 'n soort gebeurtenis soos wat hier met Paulus afspeel?

(68:19) U het opgeklim na die hoogte, U het gevangenes weggevoer, U het geskenke geneem onder die mense; ja, ook wederstrewiges om daar te woon, o Here God! (Psalms 68:18 AFR1953)

Vers 9

En drie dae lank het hy niks gesien nie, en niks geëet of gedrink nie.
(Handelinge 9:9 AFR1953)

In Reguitstraat het daar 'n man gebly wie se naam Judas was.

(NB die woordspelings!)

- *Judas het die Here Jesus verrai.*
- *Paulus se pad het van die verdwaalpad af in 'n reguit straat in sy verhouding met God ingegaan!*

Hoe het Paulus by Judas gekom? Die Here het die wat hom begelei het daarheen laat gaan.

Was daar enige verbintenis tussen Paulus en Judas? Was Judas dalk verbind aan die Sanhedrin sodat hy geen keuse gehad het nie?

In die huis sit daar 'n man wat heeltemal verdwaal het:

- Hy is as 'n gesant van die Sanhedrin uit Jerusalem uit om Christene te gaan gevolg.
- Nou sit hy as 'n gevangene van die Here Jesus in Reguitstraat en hy weet nie wat van hom gaan word nie!

Paulus is drie dae lank daar in afsondering. Hy het genoeg tyd gehad om die gebeurtenis te bepeins en te oordink.

- Toe die Here Jesus op die aarde was, het Hy blindes gesond gemaak dat hulle (weer) kon sien.
- **Toe het hulle 'n duivelbesetene wat blind en stom was, na Hom gebring; en Hy het hom gesond gemaak, sodat die blinde en stomme kon praat en sien.** (Matteus 12:22 AFR1953)
- Nou het die Here 'n siende mens blind gemaak!

Drie dae lank het hy (Paulus) niks gesien nie, ...

Paulus het verseker begryp dat hierdie blindheid 'n teken was waarmee die Here Jesus hom onderrig het.

- Die Here het hom in sy hoogmoed waarmee hy die Christene gevolg het, platgeslaan.
- Hy was nie 'n dronkaard of 'n owerspelige mens of iemand wat aan brassery skuldig was nie.

Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.
(Lukas 18:12 AFR1953)

... wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik.
(Filippense 3:6 AFR1953)

Paulus was blind vir die elementêrste waarheid, naamlik dat 'n mense deur die sonde magteloos geraak het en heeltemal willoos teen die sonde.

Dat Paulus se krisis erg was, is duidelik uit die feit dat Paulus drie dae lank niks geëet of gedrink het nie.

- Hy kón nie eet of drink nie.
- Saulus het nie gevas volgens die Farisese wette nie.

Al sy eiegeregtigheid wat hy as Fariseër opgebou het, is meteens van hom af weggeneem en vervang met donker benoudheid waarin hy sy afhanklikheid aan die Here Jesus Christus besef het.

Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry (Filippense 3:8 AFR1953)

Vers 10

En daar was 'n dissipel in Damaskus met die naam van Ananiás; en die Here het vir hom in 'n gesig gesê: Ananiás! En hy antwoord: Hier is ek, Here.
(Handelinge 9:10 AFR1953)

Hier kom die oomblik van vertroosting!

- Ananias word deur die Here voorberei om aan Saulus verlossing en vrypraak van sy sondes te gaan preek.
- Dan kan Saulus met sy nuwe lewe in die Here Jesus Christus begin.

Kyk net wat het die Here Jesus gedoen!

- Hy het die verskriklike werk om Saulus op die grond neer te gooi en om hom blind te maak self gedoen!
- Nou stuur Hy een van die wat Hom bely – 'n dissipel – om die sagte salwende werk te gaan doen.

Wat treffend is uit hierdie vers, is dat die Here sy voorsienigheid openbaar.

- Normaalweg dink mense dat die dinge wat op die aarde gebeur maar dinge is wat onvoorsien plaasvind.
- Daarom sal die wat nie diep gelowig is nie dit selfs beskryf as "toevallighede"!

In hierdie teks laat die Here ons in die werkskamer van sy voorsienigheid instap en sien hoe Hy dinge doen – daar is niks wat "toevallig" is nie.

- Ananias het Saulus nie maar "toevallig" raakgeloop nie.
- In sy voorsienigheid het die Here tevore reeds beskik dat daar in Damaskus 'n dissipel was wat Hom geken en bely het.

Natuurlik het Ananias niks geweet van die drama op die grootpad buite Damaskus nie.

- Al wat hy waarskynlik geweet het, is dat Saulus en sy bende op pad was om Christene te vang en te vervolg.
- Hy het seker ook maar gewag vir die oomblik wanneer die berugte Saulus op hulle gaan toesak.

Die Here roep hierdie Ananias om Saulus se padwyser te wees!

- **Ananias** is die Griekse vorm van die Hebreeuse naam **Hananja** – wat beteken: **die Here gee genadiglik**.
- In sy naam lê al klaar die boodskap wat hy vir Saulus moet gaan preek.

Ananias was ook 'n man wat die respek geniet het van die gemeenskap waar hy gelewe het.

En 'n sekere Ananías, 'n vroom man volgens die wet, wat 'n goeie naam gehad het by al die Jode wat daar woon, (Handelinge 22:12 AFR1953)

'n Sekere Ananias, 'n man wat getrou volgens die wet van Moses gelewe het en by al die Jode in die stad hoog aangeskrewe was, (Handelinge 22:12 AFR83)

Uit hierdie openbaring maak ons waardevolle gevolgtrekkings:

- Ananias het dus as 'n volbloed-Jood tussen die Jode gelewe terwyl hy 'n Christen was – hy moes dus al 'n hele ruk lank in Damaskus gebly het.
- Al was hy 'n Christen ('n dissipel van die Here Jesus) het hy die hele (Joodse) gemeenskap se aansien geniet.
- Daaruit lei ons af dat die haat en wrywing wat daar in Jerusalem tussen die Jode en die Christene (*sinagoge teenoor gemeente*) was, (nog) nie in Damaskus gevestig was nie.

Die Here Jesus praat met sy dissipel Ananias deur 'n *gesig*.

- *Gesig* beteken dieselfde as *verskyning*: Ananias het dus die Here gesien toe Hy met hom gepraat het.
- Die Here het hom ook op sy naam genoem: Ananias!

Vraag

Wat is die verskil tussen sy roeping en dié van Saulus? Die Here noem dan altwee van hulle op die naam?

Daar is 'n groot verskil tussen hoe Saulus reageer het en hoe Ananias reageer:

- Saulus se reaksie was: **Wie is U, Here?**
 - En die Here antwoord: **Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.**
 - En terwyl hy bewoond en verbaas was, sê hy: **Here, wat wil U hê moet ek doen?**
 - *Eers wou hy weet Wie die Here is – en toe eers vra hy wat die Here wil hê dat hy moet doen.*
- Ananias het gesê: **Hier is ek, Here.**
 - In die Griekse teks staan dit baie kort: **Ek sien! Here!**
 - *Hy ken die Here in die gesig wat hy sien en is dadelik bereid om tot die Here se diens te wees.*

Vers 11

Toe sê die Here vir hom: Staen op en gaan na die straat wat genoem word Reguitstraat, en vra in die huis van Judas na 'n man met die naam van Saulus van Tarsus, want kyk, hy bid; (Handelinge 9:11 AFR1953)

Ananias word 'n gestuurde deur die Hoogste Sender. Sy bevel word onmiddellik en baie vinnig uitgevoer. Mens dink hier aan Filippense 2:10

... sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, (Filippense 2:10 AFR1953)

Ananias kry dieselfde bevel as Saulus:

Staan op en gaan na die straat wat genoem word Reguitstraat,

Die enersheid wys maar net daarop dat dit dieselfde God met dieselfde raadsplan is wat een enkele einddoel verwesenlik.

- Hy verskyn eners aan hulle.
- Hy wek hulle eners op.
- Hy gaan al twee van hulle in dieselfde koninkryk gebruik.

Met die roeping van hierdie twee (uiteenlopende karakters?) manne wys die Here dat Hy almal roep – in die verskeidenheid van ons menswees. Hy gebruik elkeen op die gebied waarvoor hy geskape is – Ananias van Damaskus en Saulus van Tarsus.

Saulus van Tarsus was 'n gevreesde naam wat Saulus toe reeds al gehad het.

En Paulus antwoord: Ek is 'n Joodse man van Tarsus, 'n burger van geen onvermaarde stad in Cilícië nie; ek versoek u, laat my toe om die volk toe te spreek. (Handelinge 21:39 AFR1953)

Wat opval is dit: Die Here ken elke uitverkorene volledig:

- die naam
- en adres
- en sy verlede

Wat net so belangrik is, is dat die Here in sy genade kyk na ons bekering: **want kyk, hy bid**

Die **want** is belangrik, omdat dit vir Ananias die rede gee waarom hy na Saulus toe moet gaan.

Iets is anders aan die man:

- Ananias ken hom as die vervolger van Christene
- Maar die Here ken hom nou as een wat bid!

Die **want** is verder belangrik omdat dit God se rede aandui waarom Hy Ananias stuur: God het Saulus van Tarsus se ysterwil gebreek en sy stywe nek geknak. Hy is bekeer.

Hierdie gebed is dus:

- Die vrug van God se genade,
- maar dis ook die oorsaak van genade.

Vraag

- *Het Saulus dan nooit gebed toe Hy nog Fariseër was nie?*
- *Het Hy nie toe ook tot God gebed nie?*
- *Het die Here nie van daardie gebede gehou nie?*

Natuurlik het Saulus toe ook baie gebed.

- Maar dit was nie gebede uit die hart nie.
- Dit was gebede op die vasgestelde ure – soos wat dit as eiegeregtige werke deur mense tot hulle eie roem vasgelê was.
- **Saulus se godsdienstige lewe was nie om God te verheerlik nie. Dit was om homself te handhaaf.**

... my wat vroeër 'n lasteraar en 'n vervolger en 'n geweldenaar was. Maar aan my is barmhartigheid bewys, omdat ek dit onwetend gedoen het in ongeloof. (1 Timoteus 1:13 AFR1953)

Nou was dit anders: Vir die eerste keer was sy gebed uit behoefte en uit volle oorgawe en afhanklikheid van God.

- Die Here openbaar met hierdie woorde dat Hy 'n verskil sien wanneer mense net bid omdat bid bid is, en wanneer hulle bid omdat hulle Hom aanbid en verheerlik.
- In Paulus se geval was sy gebed ook tot Jesus Christus die Here.

Vers 12

en hy het in 'n gesig 'n man met die naam van Ananias sien inkom en hom die hande oplê, sodat hy weer kon sien. (Handelinge 9:12 AFR1953)

Daar in Reguitstraat sien Saulus weer 'n gesig.

- Maar dis nie dieselfde soort van Gesig soos wat hy gesien het op pad na Damaskus toe nie - dus ook nie dieselfde soort van gesig soos wat Ananias gesien het nie.
- Die gesig wat Saulus hierdie keer gesien het, word in die Grieks bloot beskryf met 'n werkwoord wat beteken: hy het gesien. In 'n visioen het hy Ananias gesien – maar Ananias het nie daarvan gewete nie.

Vers 13, 14

Maar Ananias antwoord: Here, ek het van baie mense aangaande hierdie man gehoor hoeveel kwaad hy u heiliges in Jerusalem aangedoen het, en hy het hier volmag van die owerpriesters om almal te boei wat u Naam aanroep.
(Handelinge 9:13, 14 AFR1953)

- Dis verstommend hoe dwaas 'n mens (selfs die opregstes onder ons!) tog kan wees.
- Dis net so verstommend hoe eerlik die Heilige Gees hierdie dinge laat opteken.

Die vraag is: Waarom doen die Here dit, want die hele Bybel is vol sulke voorbeelde?

- Die antwoord is dat die Bybel nie 'n Boek is wat die slimhede en heldedade van mense beskryf nie.
- Dis 'n Boek wat die onmeetbaarheid van God se verlossende genade openbaar.

Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem. (1 Korintiërs 1:31 AFR1953)

Die Bybel openbaar meermale die verset (of is dit onverstaan?) van mense teen hulle roeping.

- Voorbeelde is Moses en Jeremia.

Maar Moses het tot God gespreek: Wie is ek, dat ek na Farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei? (Eksodus 3:11 AFR1953)

Hierop het Moses tot God gespreek: Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? —wat moet ek hulle antwoord? (Eksodus 3:13 AFR1953)

Toe het ek gesê: Ag, Here HERE, voorwaar, ek kan nie praat nie, want ek is jonk. (Jeremia 1:6 AFR1953)

- Dink ook aan Sagaria:

Toe sê Sagaria vir die engel: Waaraan sal ek dit weet? Want ek is 'n ou man, en my vrou is op ver gevorderde leeftyd. (Lukas 1:18 AFR1953)

Vraag: Is hierdie bevraagtekening van God se opdragte 'n las wat ons geërf het?

Wat Ananias van Paulus gesê het, is waar - maar wat hy op daardie oomblik nie in berekening gebring het nie, was dat die Alwetende en Almagtige God met hom gepraat het.

- Ananias het net kennis gehad van wat in die fisiese wêreld aan die gebeur was.
- Die Here het geweet dat Hy Saulus se hart en lewe verander het.

Tog skryf die Heilige Gees hierdie gebeurtenis neer sodat ons daaruit moet leer hoe openhartig die verhouding tussen die ware gelowige en die ewige God is (die Here Jesus = die ewige God).

- Ananias het gepraat oor die dinge wat hy nie verstaan het nie - baie van ons bots in ons gedagtes met God, maar ons klaar dit nie met die Here uit nie.
- Ananias het dus 'n diep persoonlike maar eenvoudige en openhartige verhouding met God gehad.

Vraag: Wat is die moontlikheid dat hy die vraag nie gevra het omdat hy bang was om self te gaan nie, maar dat hy omgee het vir die kerk - dat hy met sy vraag eintlik bedoel het om die kerk in Damaskus te beskerm?

'n Verdere rede waarom die Heilige Gees hierdie gedeelte neerskryf, is omdat die Here daarmee openbaar hoe verdraagsaam Hy is teenoor ons wederstrewigheid.

- Die Here antwoord Ananias in die sagtheid van sy liefde.
- Die Here het Homself tydens sy aardse lewe ook so geopenbaar:

Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;
(Matteus 11:29 AFR1953)

Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelowiglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,

(1 Korintiërs 13:4-5 AFR1953)

As die Here teen Ananias moes optree omdat hy in verset was, moes die Here hom dadelik weggejaag het en vir hom gesê het dat hy 'n onbekwame werktuig in sy koninkryk was.

Die stuk geskiedenis openbaar dus dat die Here ons almal in liefde verdra en in ons onbekwaamheid in sy diens gebruik.

Vers 15 , 16

Maar die Here sê vir hom: Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel. Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly. (Handelinge 9:15, 16 AFR1953)

In sy soewereiniteit herhaal die Here sy bevel: **Gaan!**

Omdraaikans is daar nie as die Here jou stuur nie, want die Here verander nooit sy raad nie.

Maar die Here is nie 'n onredelike God nie.

- Daarom gee Hy vir Ananias 'n tweede rede waarom hy na Saulus toe moet gaan (Die eerste rede was: **want kyk hy bid!**)
- Die **want** is weer belangrik:
 - Aan die een kant is dit die beweegrede waarom Ananias moet gaan.
 - Aan die ander kant openbaar dit die doel van die Here met Saulus:

want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra
 - Die Here openbaar dus aan Ananias iets wat Hy normaalweg heeltemal verborge hou vir ander mense: sy uitverkiesing – in hierdie geval Saulus se uitverkiesing!
 - Daarmee saam openbaar die Here ook sy Raad/Voorsienigheid vir die onmiddellike toekoms van sy kerk op aarde:
 - Ananias was bang dat die kerk deur Saulus uitgeroei gaan word.
 - Daarteenoor openbaar die Here dat Hy die kerk juis gaan uitbrei!
 - Saulus is die werktuig deur wie Hy dit gaan doen! (Saulus word deur die Here 'n *skeuos* genoem. *Skeuos* beteken: kleipot, werktuig, instrument. In Handelinge 27:17 word die woord gebruik om die seil van die skip aan te dui. In Lukas 8:16 is dit 'n maatemmer en in Romeine 9:21 'n voorwerp tot eer/oneer)
 - Saulus is dus 'n maaksel en 'n beplanning van God.

Vers 17

En Ananias het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word. (Handelinge 9:17 AFR1953)

Ananias gaan doen met blydschap sy werk wat die Here vir hom uitgemeet het.

Toe hy in die vertrek waar Saulus was, ingegaan het, het hy gesien dat dit wat die Here Jesus gesê het, waar is: Saulus was in 'n knielende houding besig om te bid - daarom kon hy hom dadelik die hande oplê.

Ananias het dadelik die doel van sy koms aangekondig: **Saul, broeder, Die Here het my gestuur!**

- Kyk na die nuwe status wat hy in die nuwe wêreld wat hy nou ingegaan het, gekry het: Eers was hy *Saulus die vervolger of Saulus die moordenaar*.
- Nou is hy in die Here: *Broeder*.

Die gemeenskap van die heiliges is dus iets heeltemal anders as wat die gemeenskap tussen die ongelowiges of die valse gelowiges is.

- Die Here Jesus se dissipels skaam hulle (Ananias) nie om Saulus een van hulle (broeder) te noem nie.

- Die logiese afleiding is dus dat die Here Jesus Hom ook nie vir Saulus skaam nie.

Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie, (Hebreërs 2:11 AFR1953)

Die gesant kondig aan Wie sy Sender is:

die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het

- Die Sender is die Here Jesus - maar die manier hoe Ananias dit sê, maak duidelik dat die Here niemand anders is as Jesus wat aan Paulus verskyn het nie.
 - Jesus is dus die Here.
- Maar dit is ook duidelik dat dieselfde Here Jesus weer (steeds?) aan die werk is met Saulus - want dis juis Hy wat hierdie afgevaardigde na hom toe stuur.
 - Hy praat ook met Saulus deur die afgevaardigde.

Dan kondig hy aan waarom die Here Jesus hom gestuur het. Dit is sodat daar twee dinge met Saulus moet gebeur:

- Die een is sodat hy weer sal kan sien.
- Die ander een is sodat Saulus met die Heilige Gees vervul kan word.

sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word.

Die vraag wat dadelik by 'n mens opkom is: Waarom vertel Ananias eerste dat Saulus weer sal kan sien?

- Is vervulling met die Heilige Gees dan nie belangriker nie?
- Die natuurlike gaan dus hier vóór die geestelike!

...om blinde oë te open; om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit. (Jesaja 42:7 AFR1953)

Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. (Jesaja 35:5 AFR1953)

Hoor, julle dowes, en kyk, julle blindes, om te kan sien. (Jesaja 42:18 AFR1953)

Toe het hulle 'n duiwelbesetene wat blind en stom was, na Hom gebring; en Hy het hom gesond gemaak, sodat die blinde en stomme kon praat en sien. (Matteus 12:22 AFR1953)

Wee julle, blinde leiers, julle wat sê: Elkeen wat sweer by die tempel—dit is niks nie; maar elkeen wat sweer by die goud van die tempel, hy is gebonde. (Matteus 23:16 AFR1953)

Hy neem toe die blinde by die hand en lei hom uit buitekant die dorp; en nadat Hy in sy oë gespuug en hom die hande opgelê het, vra Hy hom of hy iets sien. (Markus 8:23 AFR1953)

Weer sê hulle vir die blinde man: Jy, wat sê jy van Hom, aangesien Hy jou oë geopen het? En hy antwoord: Hy is 'n profeet. (Johannes 9:17 AFR1953)

Die apostel Paulus het die Bybel (OT) goed geken.

- Hy het baie goed geweet dat die Messias (tydens sy aardse lewe blindes sou laat sien.
- Maar hy het ook geweet wat die Christene getuig het van die Here Jesus - omdat Hy die Messias is, het Hy blindes laat sien
- Die Here openbaar dus uit die geskiedenis (die Bybel en die Here Jesus se optrede) dat dit Hy is wat Saulus nou weer laat sien.
- Nadat Saulus dan presies en verseker weet wie sy oë oopmaak - dan eers mag hy met die Heilige Gees vervul word.

Hierdie twee dinge wat Saulus ontvang, sluit natuurlik alles in:

- genesing
- vergewing

- aanneming tot kind
- ook om deel te wees van die kerk wat op Pinkster ingestel is
- om deel te hê aan al die weelde van die Here Jesus se genade.

Vraag: Wat is die verskil tussen:

- *Om met die Heilige Gees vervul te word*

en

- *om die Heilige Gees te ontvang?*

Vers 18

En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop.
(Handelinge 9:18 AFR1953)

Die woord dadelik/onmiddellik/terstond (dieselfde woord!) staan twee keer in die vers.

- Waarom word die haas en die spoed van die gebeure so beklemtoon?
- Omdat dit die oorwinnende en seënende krag van die Here Jesus beskryf.

Dadelik, sonder dat Ananias Saulus se oë aanraak, val die vliese van sy oë af.

- Wat het Saulus heel eerste gesien? Ananias wat voor hom staan?
- Waarskynlik het hy Ananias gesien wat hom as *broeder* aangespreek het - 'n broeder in die Here Jesus Christus.

Weer 'n keer het ons die woordspeling: Saulus staan op! - **en hy het opgestaan...**

Dit sluit aan by vers 8.

- Die eerste keer toe Saulus opgestaan het was hy die vernederde en platgeslaande gevangene.
- Die tweede keer wat hy opgestaan het, was hy die vrygemaakte in die Here Jesus wat weer kon sien.
 - Hierdie keer is Saulus 'n oorwinnaar met sy hart en sy verstand - want vir die eerste keer het hy die volle waarheid van redding en verlossing deur die Here Jesus verstaan en gedeel.
 - Later bely hy dit so:

Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. (Galasiërs 2:20 AFR1953)

...en is gedoop – so openbaar die Here daardie dag se gebeure aan ons.

Wat gebeur met die grootmense wat almal so op 'n streep tot bekering gekom het?

- Hulle is almal gedoop.
- Net soos die Etiopiër word Saulus nou ook gedoop.
 - Al twee se doop beteken aan hulle die verlossing – afwassing van hulle sondes - deur die Here Jesus Christus.
 - Al twee se doop beteken inlywing in die heilige algemene Christelike kerk van die Here.
 - In altwee gevalle beteken dit inlywing en deelmaking van die dood van die Here Jesus Christus
 - In altwee gevalle beteken dit toekenning van die opstanding en die ewige lewe deur die Here Jesus Christus.
 - *Dis presies wat die doop vir elke gelowige (ook ek en jy!) beteken.*

Vergelyk hierby twee stukke van ons belydenis:

Heidelbergse Kategismus vraag 74:

Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (a). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes (b) en die Heilige Gees wat die geloof werk (c), beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (d). So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen (e) in die plek waarvan die nuwe Verbond die doop ingestel is (f).

(a) Gen 17:7. (b) Matt 19:14. (c) Luk 1:15; Ps 22:11; Jes 44:1-3; Hand 2:39. (d) Hand 10:47. (e) Gen 17:14. (f) Kol 2:11-13.

Nederlandse Geloofsbelijdenis Artikel 34:

DIE HEILIGE DOOP

Ons glo en bely dat Jesus Christus, wat die einde van die wet is (Rom 10:4), deur sy bloed te stort 'n einde gemaak het aan elke ander bloedvergieting wat 'n mens tot versoening of tot voldoening van sondes sou kan of wil aanwend. Hy het die besnydenis, wat met bloed gepaard gegaan het, afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel.

- Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltetal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra. Dit dien vir ons tot 'n getuigenis dat Hy ewig ons God en genadige Vader sal wees. Daarom het Hy ons beveel om almal wat sy eiendom is, net met gewone water in die Naam van die Vader en die Seun en die heilige Gees te doop (Matt 28:19).
- Hy toon ons daarmee dat, soos die water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word. Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie maar wel met die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooisee waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom en in die geestelike land Kanaän in te gaan.
- Die bedienaars gee ons van hulle kant dus met die sakrament wat sigbaar is, maar die Here gee wat met die sakramente aangedui word, naamlik die onsigbare genadegawes: Hy was ons siel, suiwer en reinig dit van alle vuilheid en ongeregtigheid; Hy maak ons hart nuut en vul dit met alle vertroosting; Hy gee ons egter sekerheid van sy Vaderlike goedheid; Hy beklee ons met die nuwe mens en ontklee ons van die ou mens en al sy werke.

Ons glo daarom dat iemand wat tot die ewige lewe wil kom, slegs een maal gedoop moet word sonder om dit ooit te herhaal, want ons kan tog ook nie twee maal gebore word nie.

- Hierdie doop is nie alleen nuttig solank die water op ons is en en ons dit ontvang nie, maar ook vir ons hele lewe.
- Daarom verwerp ons die dwaling van die Wederdopers, wat nie tevrede is met die een doop wat hulle een maal ontvang het nie en wat bowendien ook nog die doop van die gelowiges se kindertjies veroordeel.
- Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te doop en met die teken van die verbond te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde beloftes besny is as wat aan ons kinders gemaak is.
- En, waarlik, Christus het sy bloed nie minder vir die reiniging van die gelowiges se kindertjies as vir die volwassenes vergiet nie.
 - Daarom behoort hulle die teken en die sakrament te ontvang van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die wet beveel het om hulle kort na die geboorte deel te laat hê aan die sakrament van die lyding en sterwe van Christus deur vir hulle 'n lam te offer, wat 'n sakramentele heenwysing na Jesus was.
 - Buitendien doen die doop aan ons kindertjies dieselfde as wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het; dit is die rede waarom die heilige Paulus die doop die besnydenis deur Christus noem (Kol 2:11).

Wat het Paulus van sy doop gedink en gesê? Dit word duidelik uit wat hy aan die Galasiërs skryf:

want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. (Galasiërs 3:27 AFR1953)

Is dit waar?

Ja, Ananias het dan met sy intrapslag al aangekondig dat Saulus vervul gaan word met die Heilige Gees (nadat hy weer kon sien). Daar is geen rede om iets anders te glo nie as dat dit met sy doop in vervulling gegaan het.

Vers 19

En nadat hy voedsel gebruik het, het hy weer sterk geword. En Saulus was 'n paar dae saam met die dissipels in Damaskus. (Handelinge 9:19 AFR1953)

Hierdie eenvoudige mededeling het 'n tweevoudige betekenis:

- Die Here openbaar daarmee hoe geweldig hierdie stryd vir Saulus was: sy worsteling het al sy kragte uit sy liggaam uitgetap.
- Die tweede is dat die aanhaling die liefde van die Here Jesus openbaar: Hy versorg dié almal wat Hy liefhet. Hy gee hulle kos en liggaamskragte.

En Saulus was 'n paar dae saam met die dissipels in Damaskus.

Snaaks dat Saulus nie terug is Jerusalem toe om die apostels wat daar was op te soek en by hulle in te skakel nie.

- Die Here hou hom hier tussen die dissipels (reeds bekeerde volgelinge van die Here Jesus) wat hier in die heidendom is.
- Waarom? Saulus maak kennis met die (soort) mense onder wie die Here hom gaan instuur om die evangelie te verkondig.

Later skryf Paulus die volgende:

...om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie, en ook nie na Jerusalem opgegaan na die wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus. (Galasiërs 1:16-17 AFR1953)

Vers 20

En hy het dadelik Christus in die sinagoges verkondig, dat Hy die Seun van God is. (Handelinge 9:20 AFR1953)

Op dieselfde plek waar Saulus mense wou doodmaak, staan hy nou op die preekstoel!

Hier is inderdaad iets merkwaardigs aan die gang:

- Saulus begin nie op 'n skugter manier om die evangelie van die Here Jesus te verkondig nie.
- Hy val summier in op die plek waar mens hom die heel minste sou verwag, naamlik die Joodse sinagoge!

Waar kry die bekeerling die moed vandaan om so iets te doen?

- Sou dit nie dalk verstandiger gewees het om nie so vinnig in die openbaar in te storm met sy getuienis nie?
- Hulle moes onthou het dat hy kort tevore nog met 'n hele regiment Damaskus toe gekom het om Christene te vang!
- Is 'n sinagoge die regte plek om 'n "ander" God en godsdiens te gaan preek as waarin die besoekers aan die sinagoge geglo het?

Die antwoord kry ons in een van Paulus se briewe aan die Korintiërgemeente:

Want ons verkondig nie onself nie, maar Christus Jesus as Here, en onself as julle diensknegte om Jesus wil. (2 Korintiërs 4:5 AFR1953)

- Dit het dus nie (meer) gegaan oor sy persoon nie.
- Alles het meteens gegaan oor sy liefde en gehoorsaamheid aan die Here Jesus Christus.

Ons weet presies wat hy gepreek het – presies die teenoorgestelde as waarin die Jode geglo het!

- Hy het gepreek dat die Here Jesus die Christus is.
- Die Here Jesus Christus is die Seun van God.
- Natuurlik het die Jode 'n Messias verwag. Hulle Messias (Christus) was egter nie Jesus nie. Dit was toe presies wat die apostel gepreek het – hy ken die regte Messias. Dié Een wat die Seun van God is.

Die verwysing – *Seun van God* – is natuurlik bedoel om 'n verwysing te wees daarna dat die Here Jesus as mens gekruisig is, sy lewe afgelê het en uit die dood opgestaan het!

Wat het Saulus al van die Here Jesus se dood en opstanding geweet? (Of ten minste dan by die dissipels gehoor!). Hy het

geweet van die belydenis van Petrus:

En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. (Matteus 16:16 AFR1953)

Hy het geweet wat gebeur het tydens die Here Jesus se verhoor:

Maar Jesus het stilgebly. En die hoëpriester antwoord en sê vir Hom: Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is? Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel. Toe verskeur die hoëpriester sy klere en sê: Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuies nodig? Kyk, nou het julle sy godslastering gehoor! (Matteus 26:63-65 AFR1953)

Moontlik het hy ook geweet van die Etiopiër se bekering en doop:

Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is. (Handelinge 8:37 AFR1953)

Later het Paulus hieroor geskryf aan die kerke in Galasië. Hy sê die Here het sy Seun in hom geopenbaar:

Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie, (Galasiërs 1:15-16 AFR1953)

Dit is opvallend dat Saulus van die begin af openlik juis die ding verkondig het waarteen hy hom vroeër verset het!

- Sy totale vervolging van die Christene was juis omdat hy vas geglo het dat Jesus nie die Seun van God is nie!
- Noudat hy bekeer is, is dit inderdaad juis die ding wat hy eerste en die duidelikste verkondig: Jesus is die Seun van God!

Juis Saulus kon hierdie boodskap uitdra, want geen kerklike vergadering of 'n boek wat hy gelees het of wat ook al het hom hiervan oortuig nie – die Here Jesus self het!

- Daarom is Saulus die een wat van die heel nuutste waarheid kan getuig!
- Die apostels het die Here laas met die hemelvaart gesien.
- Hy het die Here Jesus kort tevore in die hemel gesien!

Vers 21

En almal wat hom gehoor het, was verbaas en het gesê: Is hy nie die man wat in Jerusalem uitgeroei het die wat hierdie Naam aanroep, en hier gekom het met die doel om hulle geboeid na die owerpriesters te bring nie? (Handelinge 9:21 AFR1953)

Het Saulus dalk verwag dat die mense (gelowiges) in die sinagoge sy getuienis sou glo?

Die resultaat van Saulus se prediking is baie menslik en aards:

- Daar is nie verslaendheid oor die waarheid van dit wat hy preek nie.
- Daar is ook nie bekering nie.
- Daar is wel verbasing!

Die verbasing onder die mense gaan nie daaroor dat hulle verbaas is oor die Here se verlossing nie! Hulle is verbaas oor die man wat van Jerusalem af gekom het om by hulle te preek! Hulle weet meer van hom as wat goed is! *Hulle herken die mens wat hy was!*

- **Is hy nie die man wat in Jerusalem uitgeroei het die wat hierdie Naam aanroep . . .**
 - Hulle wat **hierdie Naam aanroep** was 'n uitdrukking waarmee die Christene beskryf is.
- **. . . en hier gekom het met die doel om hulle geboeid na die owerpriesters te bring nie?**
 - Hulle wantrou hom! Hy gaan die Christene vang en vervolg die oomblik as hy duidelikheid het oor wat hulle glo!

Wat hier gebeur, is dat dit wat die Here aan Ananias geopenbaar het, begin gebeur.

Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly.
(Handelinge 9:16 AFR1953)

Dis die eerste treë van Saulus (Paulus) se lyding! Iemand wat 'n dissipel van die Here Jesus wil wees, moet dus presies

volg in die voetstappe van sy Here.

In die evangelie volgens Lukas is daar iets van die Here Jesus neergeskryf wat nogal baie met hierdie gebeurtenis met Saulus ooreenkom.

En almal het vir Hom getuienis gegee en was verwonderd oor die aangename woorde wat uit sy mond kom; en hulle sê: Is Hy nie die seun van Josef nie? (Lukas 4:22 AFR1953)

Eers: menslike verwondering.

Dan: herkenning van die mens: is Hy nie ...?

Wat word hier van Saulus se prediking geopenbaar?

- Eerste die verbasing waarmee mense soms die evangelie van die Here aanhoor.
- Daarna: Die verwyt oor die prediker se sondige verlede.
 - Saulus sou nog lank buig onder die sondes wat hy gedoen het toe hy die Christene vervolg het.
 - Mens se verlede rig dikwels skade aan wat tot baie ver in die toekoms nog vernietigende letsels op die kerk van die Here maak.

Vers 22

Maar Saulus het al meer krag ontvang en die Jode wat in Damaskus woon, in die war gebring deur te bewys dat Hy, Jesus, die Christus is.

(Handelinge 9:22 AFR1953)

Dadelik openbaar die Heilige Gees dat Saulus se invloed uitgebrei het! 'n Normale mens se eerste optrede sou waarskynlik gewees het dat hy moedeloos sou wees na so 'n terugslag en toe maar moed verloor het.

Die Here is egter die bewerker van geloof en bekering.

- Die Heilige Gees herinner ons baie vroeg in die boek Handelinge reeds daaraan dat ons net daar moet wees en die werk moet doen.
- Die Here sal ons die krag gee om teen die stroom van ongeloof in steeds goeie werk te doen.

... maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde. (Handelinge 1:8 AFR1953)

Later skryf die apostel Paulus presies dieselfde ding aan die Filippense – hy gebruik net effens ander woorde:

Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee. (Filippense 4:13 AFR1953)

Saulus bly sinagoge toe gaan en hy bly daar met die Jode stry. Sommige van die Jode het in die war geraak.

- Dit beteken dat hy sommige inderdaad oortuig het dat Jesus die Seun van God is (vgl die Nederlandse Statevertaling).
- Die wat hy nie kon oortuig nie, was in elk geval nie meer seker van die dinge waarin hulle tot op daardie stadium geglo het nie!

... deur te bewys dat Hy, Jesus, die Christus is.

Hierdie woorde bedoel dat Saulus met die Jode uit die Bybel (Ou Testament) geredeneer het. Daar is Skrifverklaarders wat beweer dat hierdie woorde beteken dat Saulus eers net van sy eie vervaring vertel het, maar daarna uit die Bybel met die mense begin redeneer het.

Daarom is die resultaat van sy prediking anders as wat dit aan die begin was:

- Toe sy eie ervaring (dus: sy persoon) op die voorgrond was, het die Jode aan sy persoon aandag gegee – hy is mos 'n vervolger!
- Toe hy hulle uit die Skrif oortuig, het hy hulle verwar (letterlik: skaam gemaak). Hulle het meteens ingesien dat hy die waarheid praat.

Vers 23

En ná geruime tyd het die Jode beraadslaag om hom om te bring. (Handelinge 9:23 AFR1953)

Die vervolger word baie vinnig na sy bekering die vervolgte!

Let op dat die Heilige Gees hiermee iets skrikwekkends openbaar! In die kerk word daar soms beoefen wat verskriklik is.

- Eers wou Saulus die christene hier in Damaskus kom doodmaak.
- Nou beplan die Jode om Saulus in Damaskus dood te maak.

Uit die Galasiërbrief word dit duidelik waarom die Jode Saulus wou doodmaak:

- Dit was omdat hy 'n christen geword het en nie teruggegaan het na Jerusalem toe om daar te verduidelik waarom hy nie sy opdrag uitgevoer het nie!
- Ons lees dit in Galasiërs 1:17,18 waar hy die volgende skryf:

...en ook nie na Jerusalem opgegaan na die wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus. Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly; (Galasiërs 1:17-18 AFR1953)

Van Saulus se bekering af totdat hy weer vir die eerste keer terug is na Jerusalem toe, het dus drie jaar verloop! Dit verklaar die woorde: **ná geruime tyd..**

Vrae:

- Waarom skryf Lukas nie in die boek Handelinge daarvan dat Saulus drie jaar lank in Arabië was nie?
- Waarom gaan hy weg voordat daar nog werklik sprake was van Joodse vervolging in Damaskus?
- Waarom openbaar Paulus dit eers aan die kerke in Galasië vir die eerste keer?

Gevolgtrekking:

- Saulus het dadelik nadat hy die mense in Damaskus se sinagoge nie kon oortuig nie, na Arabië vertrek.
- Ons weet nie presies waar die Arabië waarvan Saulus praat, werklik is nie.
 - Daar is bespiegeling dat met Arabië die gebied wat as Sisies-Arabië bekend was, bedoel word.
 - Aretas, waarvan in 2 Korintiërs 11 gepraat word, was die koning van die Arabiere (of Nabatieërs). *{Vir die wat in geslagsregisters belangstel: Die koning Aretas was die skoonpa van Herodes Antipas}*

In Damaskus het die goewerneur van koning Arétas die stad van die Damaskéners laat bewaak om my te vang; (2 Korintiërs 11:32 AFR1953)

- Eers toe Paulus genoodsaak word om die oorsprong van sy apostelskap te verdedig, maak hy bekend dat hy daardie drie jaar in Arabië was.

Waarskynlik het Saulus in daardie jare se eensaamheid geloofsryp en behoorlik geloofsopgevoed geraak.

Die volgende geloofshelde het almal hulle beslag in die woestyn gekry: *Moses, Dawid, Elia en Johannes die Doper.*

Veral tussen Moses en Saulus is daar nogal 'n parallel:

- Albei het voorbereidende opleiding gehad.
 - Moses by die Egiptenare
 - Saulus in die Griekse (Hellenistiese) wetenskap in Tarsus en daarna in die Rabbynse geleerdheid in Jerusalem (by die Fariseërs)

Is dit waarom die Here hulle altwee in die natuur in die woestyn instuur om soberheid en selfverloëning te gaan leer? Net iemand wat swak is in homself, kan sterk wees in God.

Ons weet in elk geval dat dit die plek was waar altwee van hulle

- hulle Godskennis
- en ook hulle selfkennis ontwikkel het

Wat duidelik is uit hierdie afsondering en die geloofsgroei wat hierdie twee geloofshelde ondergaan het, is dit wat die Here openbaar in die Romeinebrief:

En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. (Romeine 8:28 AFR1953)

Uit die beplanning van die Jode daar in Damaskus, leer die Here ons ook iets van die werkinge van die Satan!

- Die eerste is dat hy 'n baie vrugbare werkterrein onder die gelowiges het!
 - Hy werk hier met die Jode en die christene!
- Die tweede is dat hy elke keer met agressie werk, en probeer om geloofsleiers deur die dood te elimineer, sodat hulle invloed in die kerk wegraak.

Dit wat hier in Damaskus gebeur, het tevore in Jerusalem ook gebeur - nou en toe deur die Jode!

Daarop het die Fariseërs uitgegaan en saam raad gehou teen Hom, sodat hulle Hom sou kan ombring. (Matteus 12:14 AFR1953)

- Die ironie is dat dit 'n voormalige Fariseër is wat hier in eie munt terugbetaal word deur sy mede Fariseërs!
- Dieselfde Saulus was die klereoppasser toe Stephanus doodgemaak (gestenig) is!
- Hoe pynlik word Saulus aan sy eie misdade herinner/blootgestel!

Vers 24

En hulle plan het aan Saulus bekend geword. En hulle het die poorte dag en nag bewaak, dat hulle hom kon ombring; (Handelinge 9:24 AFR1953)

Die Here vernietig altyd die planne van die wat teen Hom gaan, leer ons in Psalm 33.

Die HERE vernietig die raad van die nasies, Hy verydel die gedagtes van die volke. (Psalms 33:10 AFR1953)

Onder die samesweerders moes daar 'n verraaier gewees het, want iemand lig Paulus in omtrent die komplot.

- Die volle impak van die sameswering word gou duidelik: alle stadspoorte word dag en nag bewaak.
 - Waarskynlik het die christene gou vasgestel dat almal ondersoek word voordat hulle kon uitgaan.
 - Hulle het ook vasgestel dat die persoon wat gesoek word, Saulus is.
- Verder het hulle vasgestel (waarskynlik by die wagte) dat Saulus doodgemaak moes word wanneer hulle hom vang.

Hieruit lei ons af dat die samesweerders nie van plan was om Saulus kerklik of andersins te verhoor nie. Hy sou dus net gevang word, en dan in die geheim tereggestel word.

Vers 25

...maar die dissipels het hom geneem en in die nag deur die muur neergelaat deur hom in 'n mandjie te laat afsak. (Handelinge 9:25 AFR1953)

Die christene het saamgestaan om Paulus te red.

...die dissipels het hom geneem...

- Dit beteken dat Saulus se volgelingen tot sy redding gekom het.

- Sommige mense lei hieruit af dat Saulus op daardie stadium opgetree het as die herder (predikant) van die gemeente in Damaskus.

Saulus het is dus baie gou as 'n leier deur die (heiden)christene aangeneem.

- Hierdie volgelinge (dissipels = leerlinge) staan saam en beplan sy ontsnapping.
 - Vraag: Was Ananias ook onder hulle?
- Hulle gaan hom help dat hy nie deur 'n stadspoort hoef te gaan nie - hy kan deur/oor die muur laat sak word.

Die stadsmuur

Dis bekend dat stadsmure in die antieke tyd nie noodwendig altyd solied was nie.

- Daar is gevalle bekend waar die stadsmuur "woonstelle" in gehad het.
- Dink aan die bekende geval van Ragab wat die verspieders help ontsnap het.

Daarop het sy hulle met 'n lyn deur die venster laat afsak; want haar huis was in die stadsmuur ingebou, sodat sy aan die muur gewoon het; (Josua 2:15 AFR1953)

- Paulus se eie vertelling van sy ontsnapping uit Damaskus stem hiermee ooreen:

...en ek is in 'n mandjie deur 'n venster in die muur neergelaat en het aan sy hande ontkom. (2 Korintiërs 11:33 AFR1953)

Daar het dus 'n gelowige in die stadsmuur gewoon!!

Vraag: Het Saulus uit vrees uit Damaskus gevlug?

Die antwoord is waarskynlik: Nee.

Die Bybel openbaar hom regdeur as 'n totaal onverskrokke mens wat vir niks terugdeins nie:

Maar ek bekommer my glad nie en ek ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie, sodat ek met blydschap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het, om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van God. (Handelinge 20:24 AFR1953)

Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaar maak: dit is om die evangelie van God se genade te verkondig. (Handelinge 20:24 AFR83)

Miskien is daar ook in die gebeurtenis 'n parallel met Moses se lewe.

- Moses slaan 'n Egiptenaar dood en dit word rugbaar.
 - Hy moet as gevolg daarvan uit Egipte weglug - waar hy moontlik 'n volgende Farao kon word.
 - *God verwyder hom om hom later terug te stuur sodat hy die volk uit hierdie land uit kan weglei na die land wat God vir hulle gee.*
- Dit is duidelik dat Saulus goed gevestig was tussen die Christene in Damaskus.
- Die Here verwyder hom, sodat die evangelie deur die hele heidenwêreld verkondig kan word - anders bly hy net die dominee van Damaskus.

Van hierdie oomblik af is Saulus/Paulus 'n swerwer.

- Menslik gesien is hy arm - hy moet as leerlooier werk om aan die lewe te bly.

...en swoeg ons deur met ons eie hande te werk. Word ons uitgeskel, ons seën; word ons vervolgt, ons verdra dit; (1 Korintiërs 4:12 AFR1953)

- Hy het sy (hoë) posisie as Fariseër verloor.
- Van nou af het hy geen vaste adres meer nie.

- Hierin volg hy die Here Jesus in sy lyding en aardse bestaan:

En Jesus sê vir hom: Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie. (Matteus 8:20 AFR1953)

Vers 26

En toe Saulus in Jerusalem aankom, het hy probeer om by die dissipels aan te sluit; maar almal was vir hom bang, omdat hulle nie geglo het dat hy 'n dissipel was nie. (Handelinge 9:26 AFR1953)

Van Damaskus af gaan Saulus terug na Jerusalem toe.

Hier wag daar net soveel moeilikheid op hom as wat hy in Damaskus gehad het.

- Hoe gaan hy aan die Sanhedrin verslag doen?
- Waarom het nie een van die christendissipels van Damaskus af saamgekom om hom aan die apostels voor te stel nie? Die getuienis van 'n christen wat geweet het van sy bekering en sy optrede by die christene in Damaskus sou seker baie gehelp het.

Vraag:

Sou die gemeente in Jerusalem Saulus met feesvreugde ingewag het as hulle geweet het van sy bekering?

Die feit is dat daar geen feesvreugde in Jerusalem op hom gewag het nie! Daar het diepe teleurstelling op hom gewag.

Hy is verwerp, want die apostels wou hom nie aanvaar nie.

Die feit dat Paulus **probeer om by die dissipels aan te sluit**, beteken dat hy gesukkel het om by hulle uit te kom.

- Dit gaan nie net oor aanvaarding nie - dit gaan ook daarvoor dat hy gesukkel het om uit te vind waar hulle is en hoe hy met hulle kan kontak maak.
- Die Bybel sê nie dat die vervolging van die Christene in Jerusalem (waarvoor Saulus met 'n brief daar weg is) was al oor of gestaak nie.

Maar Saulus het die gemeente verwoes en in die huise gegaan en manne en vroue uitgesleep en in die gevangenis oorgelewer. (Handelinge 8:3 AFR1953)

Dis duidelik dat die Christene vir Saulus gevlug het, want die Bybel sê: **maar almal was vir hom bang.**

Dis vreemd dat hulle in Jerusalem nie sy getuienis van sy bekering aanvaar het nie.

Het hy dan nie van Damaskus se Christene af met 'n brief opgedaag soos wat hy met 'n brief van die Sanhedrin destyds na Damaskus toe gegaan het nie?

Daarby moet ons onthou dat daar op daardie stadium 'n oorlog aan die gang was tussen Herodes en Arétas:

- Paulus kom dan nou juis van daardie gebied van Arétas af.
- Dit beteken ook dat kontak (soos die nuus van Saulus se bekering) moontlik nie by Jerusalem uitgekom het nie.
- In Jerusalem sou hulle beslis onthou het hoe sleg Saulus met die Christene gewerk het.

Vers 27

Maar Bárnabas het hom geneem en na die apostels gebring en hulle vertel hoe hy op die pad die Here gesien het en dat Hy met hom gespreek het, en hoe hy in Damaskus vrymoediglik in die Naam van Jesus gespreek het. (Handelinge 9:27 AFR1953)

Barnabas tree op tot Saulus se redding.

Ons ken Barnabas reeds uit die geskiedenis:

- Sy naam was eers Joses.
- Daarna het hy die naam **Barnabas** gekry. Dit beteken seun wat troos (gee).
- Hy het onder andere 'n stuk grond verkoop en die inkomste wat hy daaruit gekry het, vir die apostels gegee om die gemeente van Jerusalem mee te bedien.

En Joses wie se bynaam onder die apostels Bárnabas was—wat, as dit vertaal word, beteken seun van vertroosting—'n Leviet, van geboorte uit Ciprus, het 'n stuk grond gehad en dit verkoop en die geld gebring en aan die voete van die apostels neergelê. (Handelinge 4:36-37 AFR1953)

- Hy is 'n neef van Markus (wat weer 'n neef is van die Here Jesus!)

Aristárchus, my medegevangene, groet julle; en Markus, die neef van Bárnabas, oor wie julle bevele ontvang het—as hy by julle kom, ontvang hom— (Kolossense 4:10 AFR1953)

Hierdie ontmoeting tussen Saulus en Barnabas was in Saulus se lewe 'n hoogtepunt.

- Daar het 'n jarelange en groot vriendskap tussen die twee ontstaan.
- Hulle het jare lank skouer aan skouer gewerk in die koninkryk van God.

Enkele voorbeelde van hulle vriendskap en saamwerk met mekaar, is die volgende:

- Handeling 11:25 **Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring.**
- Handeling 11:30 **En dit het hulle ook gedoen en dit deur Bárnabas en Saulus aan die ouderlinge gestuur.**
- Handeling 12:25 **En Bárnabas en Saulus het van Jerusalem teruggekeer, nadat hulle hul diens vervul het, en hulle het Johannes saamgeneem, wat ook Markus genoem word.**
- Handeling 13:2 **En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.**
- Handeling 13:7 **Hy was by die goewerneur Sérgius Paulus, 'n verstandige man. Dié het Bárnabas en Saulus laat roep en het versoek om die woord van God te hoor.**
- Handeling 13:43 **En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegesprek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly.**
- Handeling 13:46 **Maar Paulus en Bárnabas het vry-uit gesprek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie—kyk, ons wend ons tot die heidene.**

Uit die verhaal in Handeling 9 lei ons af dat Saulus nie vir Barnabas opgesoek het nie.

- Barnabas het op 'n manier gehoor van die tragiese gebeurtenis (misverstand?) dat die bekeerde Saulus by die dissipels wil uitkom en nie kan nie.
- Hy het Saulus gaan opsoek en hom na die apostels toe gelei.

Watter apostels het Saulus ontmoet? By die eerste vlugtige lees van die Bybel lyk dit asof Saulus al die apostels ontmoet het.

Die feite is effens anders:

- Paulus skryf aan die kerke in Galasië dat hy daardie tyd in Jerusalem net vir Petrus en Jakobus ontmoet het (Nie Jakobus die broer van Johannes nie - Jakobus die broer van die Here Jesus. Dus die man wat die Sendbrief van Jakobus skryf).

...en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here.

(Galasiërs 1:19 AFR1953)

- Dit lyk asof die begrip Apostel later 'n taamlike wye begrip geword het, want in die Galasiërbrief word Jakobus 'n apostel genoem en in Handeling 14:4 word Barnabas ook 'n apostel genoem:

Maar toe die apostels, Bárnabas en Paulus, dit hoor, het hulle hul klere geskeur en onder die skare ingespring en geroep (Handeling 14:14 AFR1953)

Waarom het Saulus dan nie al twaalf die Apostels saam ontmoet nie? Die antwoord is: Ons weet nie!

Die feit is dat die apostel Petrus hom (namens al die ander apostels ook) oor Saulus ontferm het nadat Barnabas Saulus onder sy arm geneem het. Lukas skryf ook dat Saulus toe vir vyftien dae by Petrus aan huis gewoon het!

Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly; (Galasiërs 1:18 AFR1953)

Dis fantasties dat dié twee gelowiges mekaar in die Here kon vind en fisies so lank kon saambly.

Saulus en Petrus was mense wat uit twee soorte hout gesny was:

- Saulus het as heidenapostel verder gekyk oor die besnydenis as Petrus
 - Al was Paulus 'n Fariseër het hy met sy Grieks-Hellenistiese agtergrond losser beweeg van die besnydenis af as Petrus.
 - Petrus was 'n suiwer Jood vir wie die besnydenis baie belangrik was.

Vers 28, 29

En hy het saam met hulle in — en uitgegaan in Jerusalem en vrymoediglik gesprek in die Naam van die Here Jesus, en ook met die Griekssprekende Jode gepraat en geredetwis, maar hulle het probeer om hom dood te maak. (Handeling 9: 28, 29 AFR1953)

Saulus het nie net tot Petrus alleen toegang gekry nie.

Uiteindelik het die hele gemeente in Jerusalem met Saulus omgegaan.

In Jerusalem is Saulus se taktiek anders as wat dit in Damaskus was (hy leer vinnig nê!).

- Hy gaan redeneer nie weer in die sinagoge met die mense nie.
- Hy vind uit wie het kontak met die sinagoge en dan gaan redeneer hy met hulle op 'n ander plek.
- Sy eerste keuse is Griekssprekende Jode - dus: mense soos hyself!

In 'n sekere sin neem Saulus die roeping van Stephanus oor wat hy gehelp stenig het!

- *Skrifverklaarders beweer dat Stephanus juis teen die Libertyne, die Sireniërs en die Alexandryne en die mense wat van Sisilië en Asië af gekom het, opgetree het. Hy het dus aan die Griekse heidendom die Evangelie verkondig.*
- Saulus wat van huis uit 'n Griek is, neem nou Stephanus se roeping oor.
- Omdat Paulus uit die Hellenisme kom, praat hy Grieks en ken hy die denkpatrone van die Griekse mense - daarom word hulle vanself sy werkterrein.

Om die Evangelie te verkondig, is nooit maklik nie!

Daarom is dit byna vanselfsprekend dat Saulus weer 'n keer teëspoed optel en in gevaar beland!

maar hulle het probeer om hom dood te maak

Dieselfde ding wat in Damaskus gebeur het, gebeur nou in Jerusalem ook!

- Saulus moes diep ontnugter gewees het!
- En die mense moes vir hom baie kwaad geword het!

Letterlik staan daar dat hulle hulle hande uitgesteek het om hom dood te maak. Hulle het hom dus waarskynlik te lyf gegaan!

In die gebied waar hy Stephanus help stenig het, wil die groep wat hy destyds vervolg het, hom nou doodmaak.

Vers 30

En toe die broeders dit agterkom, het hulle hom na Cesaréa afgebring en hom na Tarsus weggestuur.
(Handelinge 9:30 AFR1953)

Saulus mag nie doodgemaak word nie. Hy moet die Evangelie van die Here nog verder gaan verkondig.

- Net soos die gemeente in Damaskus, help die gemeente in Jerusalem hom nou ook om weg te kom en te ontsnap.
- Later vertel Paulus dat hy in Jerusalem in die tempel was om te bid. Daar het die Here Jesus aan hom verskyn en hom aangesê om van Jerusalem af weg te gaan.

En toe ek in Jerusalem teruggekóm het en besig was om in die tempel te bid, het ek in 'n verrukking van sinne gekóm en Hom gesien, en Hy het vir my gesê: Maak gou en gaan haastig uit Jerusalem uit, want hulle sal jou getuie nis aangaande My nie aanneem nie. En ek het gesê: Here, hulle weet self dat ek besig was om die wat in U glo, in die gevangenis te werp en in die sinagoges te slaan; en toe die bloed van Stéfanus, u getuie, vergiet is, het ek ook self daarby gestaan en sy vermoording goedgekeur en die klere opgepas van die wat hom doodgemaak het. En Hy het vir my gesê: Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die gewone heidene. (Handelinge 22:17-21 AFR1953)

Vraag:

Het Saulus by die geleentheid ook gebed vir vergifnis omdat hy Stephanus help stenig het?

Die gemeente het hom gehelp om van Jerusalem af na Sesarea toe te vlug.

Daarvandaan af het Saulus alleen na Sirië en Sisilië toe gegaan.

Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly; en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here. En wat ek julle skryf — voor die aangesig van God, ek lieg nie! Daarna het ek gekóm in die streke van Sírië en Cilícië; (Galasiërs 1:18-21 AFR1953)

Daarvandaan is Saulus na Tarsus toe waar hy hom gevestig het. Na 'n paar jaar is hy deur Barnabas geroep om te gaan sendingwerk doen in Antiochië.

Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. (Handelinge 11:25 AFR1953)